Les 7

**7 tot 13 November*

Aanbidding in opvoeding

Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Dan. 3, Op. 14:6–12, Ps. 78:1–17, Joh. 4:7–26, 1 Kron. 16:1–36, Mark. 7:1–13.

Geheuteks:

"Gee aan die Here die eer van sy Naam, bring offers en kom voor sy aangesig, aanbid die Here in heilige gewaad" *(1 Kronieke 16:29).*

Aanbidding is deel van menswees, deel van die mensdom, selfs deel van die gevalle mens. Daar bestaan geen twyfel hieroor nie; ons is geskape wesens wat uit ons vrye wil, soos deur God aan ons gegee, die Here sou aanbid vanweë ons liefde vir Hom en dat Hy ons aanbidding waardig is. So 'n aanbidding sou baie maklik gewees het in 'n wêreld voor die sondeval, want hier kon die mens van aangesig tot aangesig toegang tot God hê in 'n vlekkelose skepping sonder sonde, dood en verval. Ons as 'n gevalle wêreld kan ons kwalik so 'n skepping voorstel.

Vandag bestaan hierdie ingebore behoefte om te aanbid nog steeds in ons, maar net soos alle ander dinge in die wêreld is dit verwring en verbuig deur sonde. Dit kan onder andere beteken dat ons uiteindelik die verkeerde dinge kan aanbid. Of ons kan selfs glad nie die Here aanbid op die wyse waarop Hy veronderstel is om aanbid te word nie *(lees, byvoorbeeld, Markus 7:1–13, Jer. 7:4).* Aangesien aanbidding sentraal staan tot die Christelike ondervinding, moet Christen-opvoeding die vraag van aanbidding aanspreek. Dit sal hierdie week ons onderwerp van bespreking wees.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 14 November.*

Sondag

8 November

Ons almal aanbid iets

Daar is ongetwyfeld iets in ons wat deur God in ons ingeweef is, maar soos enigiets anders, is dit deur sonde besmet: ons verlange om te aanbid. Dis natuurlik so dat ons aan die begin die enigste Een moes aanbid wat aanbidding waardig was: ons Here en Skepper. Maar sedert die sondeval het al hierdie dinge grootliks verander. Ja, ons almal aanbid iets, iemand, of wat ookal. Dit verduidelik waarom die mensdom deur al die eeue nog, en selfs vandag nog, aanbidding beoefen. In die ou Egipte het sommige selfs die farao aanbid; in ander lande en op ander tye het mense die standbeelde van visse aanbid, meerkoppige gode, en 'n verskeidenheid ander gode. Mense het die son, maan en sterre aanbid.

Vandag is mense dalk te gesofistikeerd om voor die beeld van 'n padda neer te buig (maar skynbaar nie voor 'n beeld van Maria nie). En tog beteken dit nie noodwendig dat die mens, selfs sekulêre mense, nie iets aanbid nie: geld, seks, mag, hulleself, popsterre, akteurs, politici. Wat ookal ons die meeste liefhet, waarop ons dalk die meeste mag fokus, dit waarvoor ons leef, dit is alles dinge wat ons aanbid. Die sekulêre skrywer David Foster Wallace het gewaarsku: "As jy die verkeerde ding aanbid, sal dit jou lewendig opvreet."

Wat leer die verhaal in Daniël 3 ons oor die belangrikheid van ware aanbidding?

Die drie Joodse seuns het ooglopend die tweede gebod *(Eks. 20:4-6)* baie ernstig opgeneem soos God dit bedoel het. Dit is trouens deel van die Tien Gebooie, waar moord, diefstal en ander dinge verbied word. Aanbidding, waarlike aanbidding, is so belangrik dat dit werklik 'n belangrike kwessie word in die laaste dae voor Christus se tweede koms. Daarom behoort Christelike opvoeding ook die hele vraagtsuk van aanbidding in te sluit: Wat is dit, hoe aanbid ons, waarom is dit belangrik, en wie aanbid ons?

Lees Openbaring 14:6–12. Hoe leer hierdie teksgedeelte ons watter sentrale plek aanbidding sal inneem in die finale krisis voordat Christus terugkom?

Maandag

9 November

En verklaar dit aan hulle kinders

Die Psalms in die Ou Testament het uiteindelik ‘n rol begin speel in die godsdienstige lewe van antieke Israel. Dit is opgesê, gesing, dikwels saam met musikale instrumente, gedurende tye van aanbidding, veral in openbare aanbidding. Al hierdie dinge het ‘n sleutelrol gespeel in die wyse waarop mense van die Ou Testament meestal aanbid het. Israel het as ‘n gemeenskap gefunksioneer, en hulle het saam aanbid. Die Psalms is eintlik gedigte, die lirieke van ‘n lied. Die Hebreeuse woord vir die Psalms, Tehillîm, beteken “lofliedere”. Wanneer ons lofliedere aan God sing, is ons besig om die Here te aanbid.

Lees Psalm 78:1–17. Wat is die belangrike boodskap hier, en hoe pas dit in by die vraagstuk oor opvoeding en aanbidding?

_____

_____

Daar is ‘n sekere dringendheid in die boodskap van Psalm 78. In vers 2 *(AFR83)* noem Asaf hoe hy “geheimenisse uit die verre verlede” wil voordra. Die woord “geheimenisse” beteken nie “onheilspellend” nie, maar verwys eerder na iets vaag, dof of donker – soos die geskiedenis kan word indien dit al verder en verder terug in die verlede lê. In ander Bybelvertalings word “raaisels” *(AFR53),* “‘n belangrike verhaal” *(DB)*, of “lesse uit die verlede” *(NLV)* as ekwivalente vertaal. Die punt wat hier beklemtoon word is, ongeag wat ook al anders by die onderrig van Israel ingesluit was, het dit behels dat kinders geleer moet word deur verhale oor die wyse waarop die Here met die uitverkore volk omgegaan het.

Lees Psalm 78:6–17. Wat is die spesifieke lesse wat hulle hul kinders moes leer? Wat was die uiteindelike doel van hierdie onderrig?

_____

_____

_____

Van die doelwitte onder andere was, soos ons sien in hierdie teksverse, dat die kinders sou leer om op God te vertrou en Sy gebooie te onderhou. Hoe kan ‘n teksvers soos Openbaring 14:12 daardie selfde idee aan ons vandag tuisbring?

_____

Dinsdag

10 November

In Gees en in Waarheid

Een van die wonderlikste verhale in die Nuwe Testament handel oor Jesus wat gebroke siele bedien. En dit vind ons in die verhaal van Jesus en die vrou by die put.

Lees Joh. 4:7–26. Wat sê Jesus vir haar oor aanbidding? Trouens, hoe het hulle in die eerste plek oor die onderwerp van aanbidding begin praat?

Alhoewel sy gepoog het om die onderwerp te verander deur oor aanbidding te praat, gebruik Jesus haar taktiek om 'n paar diepsinnige waarhede oor aanbidding, en wat dit alles behels, aan ons te gee. Dalk is die belangrikste mededeling, wat van belang is vir ons onmiddellike doeleindes, Sy stelling in Johannes 4:24: "God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid." Ware aanbidding van die Here moet "in gees" geskied, wat beteken dit moet uit ware liefde vir God gebeur, deur die ondervinding om Hom persoonlik te ken.

"Die godsdiens wat van God kom, is die enigste godsdiens wat tot God sal lei. Om God op die regte manier te dien, moet ons gebore word uit die goddelike Gees. Dit sal die hart reinig en die verstand vernieu en 'n nuwe vermoë skenk om God te ken en lief te hê. Dit sal ons gewillig maak om al Sy vereistes te gehoorsaam. Dit is ware aanbidding. Dit is die vrug van die werking van die Heilige Gees."—Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, p. 189. Net so ook moet aanbidding "in waarheid" geskied. Ons moet 'n goeie deel korrekte kennis van God hê, van wie Hy is en wat Hy van ons verlang. Dit beteken dus dat daar ook leerstellings by betrokke moet wees. (Hoe betekenisvol is dit, byvoorbeeld, om te weet dat ons 'n God aanbid wat nie mense vir ewig in die hel brand nie.)

Ons sien hier dus twee elemente van aanbidding: die ondervinding wat voortspruit uit die kennis van God en gehoorsaamheid aan God, en die objektiewe waarhede van God wat aan ons geopenbaar is. Gees sonder waarheid kan aanleiding gee tot 'n oppervlakkige sentimentalisme wat eerder gebou is op wispelturige emosies as enigiets anders. In teenstelling hiermee kan waarheid sonder gees weer lei tot 'n lewelose formalisme. Daarom het ons albei nodig.

Hoe sou jy iemand leer om "in gees en in waarheid" te aanbid? In watter gevalle mag iemand dalk meer klem op een moet plaas as op die ander?

Woensdag

11 November

Die skoonheid van heiligheid

Lees 1 Kronieke 16:1–36. Probeer om jouself in die toneel in te leef. Lyk die toneel vir jou plegtig, vreesagtig, of feestelik en vrolik? Op watter wyse kan dit dalk 'n kombinasie van alles wees? Wat leer ons uit hierdie toneel oor aanbidding en hoe ons dit behoort te onderrig en selfs ervaar?

The place of worship was the tabernacle, where God had dwelt with ancient Israel and Die aanbidding het in die tabernakel plaasgevind, die plek waar God met ou Israel gewandel het en waar die verlossingsplan aan hulle geopenbaar is. In die middel van aanbidding en die onderrig daarvan, moet Jesus en die verlossingsplan staan, soos wat dit alles vooraf geskadu was in die tabernakeldiens. Ongeag wat God ook al vir ons gedoen het sodat ons Hom kan aanbid en loof, beteken dit alles niks sonder die hoop van die ewige lewe wat vir ons daargestel is deur die opofferende en plaasvervangende dood van Jesus aan die kruis nie. Neem ook kennis van die "evangelistiese" strekking van hierdie gedeelte: die hele wêreld moet leer van die God van Israel.

Kyk na 1 Kronieke 16:29: "Gee aan die Here die eer wat Hom toekom! Bring jou offers en aanbid Hom. Aanbid die Here in sy heilige heerlikheid." ***(NLV)*****. Sy heilige heerlikheid? Wat kan die betekenis hiervan wees?**

Kom ons dink eerstens daaraan hoe lelik, skadelik, en vernederend sonde is. Dis vir ons moeilik om ons voor te stel hoe boos, verskriklik en vernederend die aanbiddinspraktyke van die volke rondom Israel was. Hierdie praktyke het onder andere kinderoffers ingesluit. Daar is geen twyfel nie dat hierdie praktyke 'n refleksie was van wie hierdie mense in werklikheid was. In teenstelling hiermee moes Israel 'n heilige volk wees wat hulle gedistansieer het van die onheilige praktyke rondom hulle. Hulle moes heilig in hulle harte en gedagtes wees; dinge wat betekenis aan hulle aanbidding en heerlikheid voor God gegee het. Die profete van die Ou Testament het herhaaldelik uitgevaar teenoor mense wat die Here aanbid het terwyl hulle betrokke was by korrupsie, en terwyl hulle harte baie ver verwyderd van Hom was.

Donderdag *12 November*

Afgodery in opvoeding

Antieke Israel was omring deur baie godsdienstige mense, en so uiters toegewy in hulle aanbidding en om die gode te paai, dat hulle selfs hul eie kinders aan die gode sou offer. Dit is toewyding, is dit nie? Daarom was aanbidding, ware aanbidding van die ware God, 'n belangrike element om die Jode teen die invloede van afgodery en valse aanbidding rondom hulle te beskerm. En ten spyte van al die waarskuwings het hulle nog steeds betrokke geraak by die beoefening van afgodediens waarteen hulle spesifiek gewaarsku is. En ons vandag? Waarom sou die aanbidding van die ware God, met inagneming van alles wat Hy vir ons gedoen het, ook so belangrik wees, veral in die aangesig van die gevare van moderne afgodery?

Lees Markus 7:1–13. Watter beginsel vind ons in verse 7-9, wat op ons vandag van toepassing kan wees in die konteks van Christelike opvoeding, en die gevaar van valse leerstellings van die wêreld, wat die beoefening van ons geloof negatief kan beïnvloed?

Baie van die hedendaagse groot intellektuele idees in die wêreld is gebasseer op 'n naturalistiese siening van die werklikheid. Heelwat dissiplines wat vandag aan inrigtings bestudeer word, word vanuit hierdie perspektief gedoen, wat beteken dat baie van dit wat geleer word teenstrydig met die Skrif is. Ons kan moontlik in versoeking kom om afvallige idees te aanbid, idees wat geteoretiseer is en beoefen word. Ons kan selfs die briljante denke van filosowe, wetenskaplikes en wiskundiges vergoddelik wat hierdie idees gekenmerk het. Dikwels bestaan daar 'n probleem dat hierdie idees met die Skrif bots, en tog word dit as die waarheid beskou aangesien dit tans onderrig word. Mense poog selfs om hierdie idees by Christelike opvoeding te inkorporeer. Ongelukkig is die enigste uitkoms dat die geloof gekompromiteer word, wat dikwels die gevolg het dat die Skrif verdraai word sodat die Skrif by die huidige idees inpas.

Wat is sommige van die huidige gewilde denkrigtings wat loodreg met die Skrif bots, en wat kan ons as kerk daaraan doen om onsself daarvan te beskerm dat hierdie idees neerslag vind in ons eie opvoedkundige stelsel?

Vir verdere studie:

"Van alle dinge is die hart die bedrieglikste, en uiters boos. Geleerdes in die religieuse of godsdienstige veld, is nie gewillig om hulleself te ondersoek om te bepaal of hulle in die geloof is nie, en dit is 'n skrikwekkende feit dat baie steun op vals hoop. Sommige maak staat op ou ervarings wat hulle jare gelede gehad het; maar wanneer dit kom by hierdie diepe ondersoek van die hart, wanneer almal 'n daaglikse ondervinding behoort te hê, het hulle niks om mee te deel nie. Hulle dink dat 'n professie van die waarheid hulle sal red. Wanneer daardie sondes wat God haat bedwing word, sal Jesus inkom en saam met jou maaltyd hou, en jy saam met Hom. Jy sal dan goddelike krag van Jesus kry, en jy sal in Hom opgroei, en in staat wees om met heilige oortuiging te verklaar: Geseënd is God wat ons die oorwinning gee deur die Here Jesus Christus. Dit sal die Here meer behaag indien louwarm professore in die godsdiens nooit Sy naam noem nie. Hulle is 'n voortdurende meulsteen vir diegene wat Jesus andersins getrou sou volg. Hulle is 'n struikelblok vir nie-gelowiges, en bose engele is verheug oor hulle, en hulle spot die engele van God met hulle bedrieglike weë. So 'n toestand kan tuis, of in ander lande, 'n baie groot vloek wees. Hulle kom baie naby aan God met hulle lippe, maar hulle harte is baie ver van Hom."—Ellen G. White, *Spiritual Gifts,* vol. 2, p. 227 *(vry vertaal)*.

Vrae vir bespreking:

1. Uit Markus 7:1–13 het ons geleer dat die onderliggende toestand van vals aanbidding 'n hartsprobleem is. Ons behaag nie God met ons lippe, as ons aanbidding nie uit die hart voortspruit nie. Waarom is die evangelie, en die verhaal van Jesus se dood om ons ontwil, die kragtigste wyse om harte te bereik wat Jesus waarlik liefhet?

2. Dink oor die idee om God "in gees en in waarheid" te aanbid. Is dit moontlik om die een te doen en die ander te los, of vereis ware aanbidding beide? Indien wel, waarom so?

3. Ja, ons harte moet reg wees om God waarlik te aanbid. Maar wat beteken dit? Moet jy wag totdat jy volledig met God verbind is, met jou lewe in volmaakte orde, voor jy kan aanbid? Andersyds, hoe kan ware aanbidding jou in staat stel om jou hart reg in te stel met God?